

# Die Bestaansreg van die Jood.



Amo 9:11 In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;

Amo 9:14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

Amo 9:15 En Ek sal hulle (die Jood) plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die **HERE jou God.** (sedert 14 Mei 1948 AS VOLK GEPROKLAMEER.)



## Die Buiteblad.

Die simboliese betekenis van die buiteblad is:

Besitname.

Open 10:2 ..... en Hy (Jesus) het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;

Israel is God se land en die Jood is God se volk. Die huidige gebeure in die Midde-Ooste tussen Hamas en Israel is 'n geveg met God, Jehova Elohim, skepper en onderhouer van hemel en aarde.

Die geweldige haat in die wêreld teen die Jood, aangeblaas deur Lucifer, is omdat die wêreld se enigste verlosser, Jesus Christus, uit die 'Jood' gebore is, in die land Israel, te Betlehem. Het u geweet dat 30% van die VN se tyd en een derde van al hulle besluite word oor Israel geneem?

(Statistiek = Jun 2000) Dit is 'n geveg met God en nie met die Jood nie.

Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, **dat Hy sy eniggebore Seun (Jesus) gegee het**, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

## Die Bestaansreg van die Jood.

In hierdie uitgawe gaan ons kyk na die "Bestaansreg van die Jood."

Die afgelope drie dekades was die Jode en Palestyne geweldig baie in die nuus en op TV. 'n Geweldige twee-stryd om die land Israel. Die vraag by miljoene oor die wereld is - aan wie behoort die land Israel nou eintlik?

Bogenoemde tweestryd gaan oor twee halfbroers, Isak en Ismael, een vader en twee moeders.

Die engel van die Here verskyn aan Hagar, die slavin:

Gen 16:11 Ook sê die Engel van die HERE vir haar: Kyk, jy is swanger **en sal 'n seun baar, en jy moet hom** Ismael noem, want die HERE het jou in jou ellende verhoor.

Gen 16:12 En hy (Ismael) **sal 'n wilde-esel van 'n mens wees: sy hand teen almal, en almal se hand teen hom! En hy sal teenoor al sy broers woon.**

Gen 16:15 En Hagar **het vir Abram 'n seun gebaar; en Abram het sy seun** wat Hagar gebaar het, Ismael genoem.

Ismael, gebore uit Hagar, die slavin, is dus die voorvader van die Arabiere. (God noem hom 'n "wilde-esel van 'n mens.")

Gen 17:15 Verder het God aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees.

Gen 17:16 En Ek sal haar seën en jou **uit haar ook 'n seun gee**; ja, Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar voortkom.

Gen 17:17 Toe val Abraham op sy aangesig, en hy lag en sê in sy hart: **Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, 'n kind gebore word? Of** kan Sara, wat negentig jaar oud is, baar?

Gen 17:18 En Abraham sê aan God: Ag, mag Ismael lewe voor u aangesig!

Gen 17:19 Toe antwoord God: Voorwaar, jou vrou Sara sal vir **jou 'n seun baar**, en jy moet hom Isak noem; en Ek sal my verbond met hom oprig **as 'n ewige verbond vir sy nageslag ná hom**.

Gen 17:21 Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar.

God se verbond is dus met Isak, wat uit Sara gebore is, en nie met Ismael, wat uit die slavin, Hagar, gebore is nie. Isak is die voorvader van die Jood. Volgens God se belofte behoort Israel dus aan die Jood, en nie aan die Palestyne nie.

Kanaän die land van God se belofte:

Gen 15:18 Op dié dag het **die HERE met Abram 'n verbond gesluit** en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte (NYL) af tot by die groot rivier, die Eufraat-rivier: (Irak)

'n Groot deel van Egipte behoort dus ook aan die Jood volgens God se belofte. (Die Joodse volk was 430 jaar woonagtig in Egipte, voordat Moses die volk uitgelei het.)

Gen 17:8 En Ek sal **aan jou (die Jood) en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land**

**Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees.**

## 1917 - 'n Groot datum in die geskiedenis van die Jood.

Gedurende die eerste wêreld oorlog (wat op 9 Des 1917 geëindig het) terwyl die Geallieërdes in oorlog gewikkel was, het Engeland 'n groot tekort aan "Aceton" wat in die vervaardiging van plofstof gebruik word, ondervind. Lloyd George was destyds minister van oorlog en hy ontbied 'n man met die naam van Chime Weissmann, 'n Joodse chemikus, en vra hom om 'n plaasvervanger te kry vir die ontbrekende "Aceton". Weissmann kom tot die wonderbaarlike ontdekking om uit die stikstof in die lug hierdie noodsaaklike stof te trek. In sy eksperimente kom hy voor die probleem te staan, hoe om met die plofstof te werk sonder dat dit ontplof. Hy neem dit toe na sy Rabbi om daarvoor te bid. Hulle kry die antwoord in die Bybel:

Job 38:22 Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien,

Job 38:23 wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?

Weissmann verpak sy plofstof in Ys - tot vandag die enigste metode om met plofstof te werk: dit moet bevries word. Dit was vir die Geallieërdes van onskatbare waarde en Lloyd George skryf in sy dagboek: "Weissmann het ons met sy ontdekking gehelp om die oorlog te wen." Toe hy aan Weissmann vra wat hy as beloning daarvoor wil hê, was sy antwoord: "Palestina vir die Jode!" Toe Lloyd George eerste minister word, gee hy aan sy minister van buitelandse sake, Balfour, op 2 November 1917 bevel om namens die Britse regering 'n skrywe te rig aan die Joodse miljoenêr, Lord Rothschild, waarin amptelik verklaar word:

"His Majesty's Government view with favour the establishment in Palestine of a national home for the Jewish people, and will use their best endeavours to facilitate the achievement of this object, it being clearly understood that nothing shall be done which may prejudice the civil and religious rights of existing non-Jewish communities in Palestine, or the rights and political status enjoyed by Jews in any

other country."

Toe daar later by Lord Rothschild aangedring is om nog meer grond in Palestina te koop, was sy antwoord dat hulle nie meer grond moet koop in 'n land waar God die grond aan hul voorvaders gegee het nie. Hulle moes wag; die dag sou aanbreek wanneer God hulle die grond as erfenis sou gee.

Engeland het 'n belangrike rol gespeel om Palestina te bevry. Die bevryding van Palestina was dan ook in werklikheid die einde van die Eerste Wêreldoorlog. God het ook 'n doel gehad en dit was om die Turke van hulle taak te onthef om Palestina onder die vloek te hou solank die Jode in verstrooiing was. Hierdie belangrike werk is deur generaal Allenby verrig.

Op 9 Desember 1917, is Jerusalem omsingel, maar generaal Allenby wou nie die stad bombardeer nie. Hy telegrafeer dat Engeland hom vliegtuie moes stuur waaruit hy briewe oor die stad afgooi. Die Turke ontvang die briewe en lees dat die stad omsingel is en Allenby dit gaan inneem. Die heilige uur het vir baie aangebreek.

*Die Arabierse tradisie sê: "As die Nyl (Egipte) in Palestina invloei, sal 'n westerse profeet die Turke uit Jerusalem uitdryf"* Van vrees gooi die Turke die hekke van die stad oop en Allenby neem Jerusalem in sonder om 'n skoot te skiet.

Die Turke gee op 9 Desember 1917 oor en Palestina word Britse gebied. In die Joodse kalender het 9 Desember geval op die vier-en-twintigste van die negende maand. In Haggai 2 word hierdie datum beklemtoon:

Hag 2:18 Merk tog op, van hierdie dag af terug, van die vier-en-twintigste dag van die negende maand, naamlik van die dag af toe hulle die fondament van die tempel van die HERE gelê het; merk op:

Hag 2:19 Is daar nog saad in die skuur? Ja, selfs die wingerdstok en die vyeboom en die granaatboom en die olyfboom het niks opgelewer nie. Van hierdie dag af sal Ek seën.

Die Jode trek nou in groot getalle terug en die Arabiere verlaat Palestina in ewe groot getalle. Die Jode begin manmoedig die wilde

verlate woestyn bewerk, sodat dit bloei soos 'n roos. Voorspoed keer terug en dit veroorsaak dat die Arabiere nie meer die land wil verlaat nie.

Die slap houding van die Engelse regering onder Nevill Chamberlain het as gevolg dat Engeland die belofte insake 'n Joodse nasionale tuiste in Palestina moes prysgee. Daar verskyn 'n witskrif wat verklaar dat 'n laaste geleidelike toevoer van 75,000 Jode nie meer in Palestina toegelaat sou word nie; asook dat die Jode daar in die minderheid moet bly.

Engeland sou voortaan 'n dubbele spel speel; sy belange in die oliewelde is op die spel. 'n Toegewing aan die Arabiere sou Engeland die gramskap van die Westerse Jode-wêreld, met sy kapitaal en invloed, op die hals haal; 'n toegewing aan die Jode sou die fakkel wees in 'n oproep tot 'n Palestynse oorlog met heillose gevolge. Die Joodse vraagstuk sou inderdaad een van die grootste vraagstukke van alle tye word.

Sag 12:2 Kyk, Ek maak Jerusalem (die Jood) vir al die volke **rondom tot 'n beker van bedwelming**, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem.

Sag 12:3 **En in dié dag maak Ek Jerusalem (die Jood) tot 'n baie swaar klip** vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word.

In 1939 word die eerste drie skepe onder hierdie nuwe besluit teruggestuur na hulle hawens van herkoms: die meeste uit Duitsland. Hulle word teruggestuur na konsentrasiekampe en die dood.

Die Tweede Wêreldoorlog volg en het die uitroeiing van nagenoeg sesmiljoen Jode tot gevolg.

Toe in November 1940 twee wrakskepe met 1800 wanhopige Joodse vlugtelinge by Haifa aankom, besluit die Engelse om hulle na 'n verafgeleë kolonie te stuur. Hulle word oorgelaai op 'n Britse boot wat op 24 November sou vertrek. Die passasiers blaas egter die boot op en verkies liever om te sterf. Dit gebeur vlak by die kus van die Beloofde Land.

'n Paar dae later kom nog 'n skip, die Atlantic, met 1,650 vlugtelendes aan boord daar aan. Hierdie boot word na Mauritius gestuur.

In die hawe van Istanboel kom 'n Donouveerboot aan met 796 Joodse

vlugteling aan boord. Hulle word deur die Turkse regering teruggestuur na Roemenië. 'n Paar myl van die Turkse kus breek daar 'n brand uit op die skip, een persoon word gered en 795 Jode sterf in die golwe.

Die gevolg van al die gedane onreg is die ontstaan van die Palestynse Joodse ondergrondse versetgroepe. Hulle laai die vlugtendes snags met klein bootjies van die bote af, smokkel hulle in kratte waarin masjinerie ingevoer word. Ammunisie word in die Kibboetse vervaardig en op die draaibanke word gewere vervaardig. Die Arabiere voer strooptogte uit en stel hinderlae op, en dit word openlik deur die Engelse toegelaat.

Na baie stryd en na sesmiljoen Jode gedood is, trek die Jode met mening terug huis toe. Engeland wou keer, maar op 14 Mei 1948 roep die Jode die staat Israel uit en hys die vlag van Dawid oor die stad Haifa. ( ISRAEL GEPROKLAMEER ) 'n Proklamasie word geteken deur David Ben-Gurion, Israel se eerste Eerste-Minister, op 14 Mei 1948.

## Engeland onttrek uit Jerusalem

Vir maande was gevegte in en om Jerusalem aan die gang. Engeland, die mandaat beëindig, was besig om uit te trek. Generaal Sir Allan Cunningham, die Britte se laaste Hoëkommissaris, staan aan boord die skip wat hom en die Britse magte uit die land wegneem. Die boodskap kom duidelik deur: **“Klou met julle lewe vas aan Jerusalem”**.

Die sekretaris van state van die Verenigde State van Amerika, George C Marshall, neem Moshe Sharett, Joodse buitelandse sekretaris na die muurkaart van Palestina. "Here you are surrounded by Arabs," sê hy, en wys na die Negev woestyn. "Here you are surrounded by other Arabs," gaan hy voort terwyl hy na Galilea wys. "You have Arab states all around you, and your backs to the sea. How do you expect to withstand their assault? I am talking about things which I know. You are sitting there in the coastal plains of Palestine while the Arabs hold the mountain ridges. I know you have some arms and your Haganah, but the Ar-



abs have regular armies. They are well trained and they have heavy arms. How can you hope to hold out?"

Marshall het geweet die Arabiere gaan aanval sodra die staat Israel geproklameer word. Die Arabiere en die Siriërs staan met die beste wapens en soldate teenoor die Israelies wat byna niks het om hulleself mee te verdedig nie. Libanon, Sirië, Irak, Transjordanie, Egipte en Saudi-Arabië het almal afdelings soldate gestuur om onder Egiptiese bevel te veg. Die oorlog was nou amptelik en toe die Britte op 14 Mei uit Jerusalem vertrek, het die Arabiese legioen agtergebly - met standaard swaartoerusting en wapens van 'n gewone leëeenheid. Hiermee is losgebrand op die honger ongewapende Jode. Hulle moes hulself ingrawe oor 'n lang, oop front met begeesterde maar ongeoefende burgerlike mans en vroue van alle ouderdomme. Hulle is versterk deur die betreklik min opgeleide Haganah-eenhede (Israelse leër) wat deur die Hoë bevel afgestaan kon word. Vroue en ou mans het verskansings gebou en slote gegrawe en sandsakke gevul, terwyl kinders as kommunikasie-middel gebruik is. Die inventaris van wapens was maar jammerlik klein. Wanneer die eerste groep van die front terugkom, moes die tweede groep dieselfde wapens oorneem. In Jerusalem het die Jode twee 2-ponder kanonne; omtrent 10 masjiengewere; 25 - 2duim mortiere, met 'n beperkte aantal mortiere; 5 - 3duim mortiere; 3 - primitiewe tuisgemaakte 6duim mortiere en tuisgemaakte bomme was hulle arsenaal.

Dit word vertel van 'n dogtertjie en seuntjie wat 'n kondensmelkblikkie geneem en vol buskruit gegooi het met lopers en 'n stukkie lont. Hulle het die blikkie sorgvuldig toegeknyp en in 'n boom geklim. Die eerste Siriese tenk wat inrol het reg onder die boom verbygery. Hulle het die lont aan die brand gesteek en die tuisgemaakte bom bo by die opening van die tenk ingegooi. 'n Gewel-dige ontploffing het gevolg; die tenk is uitmekaar geskiet en die kinders is die ewigheid in, maar die Siriese tenkeenheid draai om met die gedagte dat daar 'n mynvelde op die grens van Israel aangelê is.

Twee Israelies lê agter 'n sandduin met 'n ou masjiengeweer. Hulle sê

by hulleself, vandag is dit ons einde, maar ons gaan soveel Egiptenare met ons saamneem as wat ons kan. 'n Hele afdeling Egiptenare kom op hulle afgemarsjeer. Ewe skielik steek die Egiptenare 'n wit vlag op. Die twee kyk na mekaar; steek die masjiengeweer onder die arm en stap die Egiptenare tegemoet. "Gooi jul gewere weg en sit julle hande op jul kop," en so marsjeer hulle hul gevangenes weg. Een van die offisiere wou toe by die Israelies weet wat geword het van die duisende en duisende perderuiters wat oor die bulle aangekom het - en reg voor 'n ruiter met 'n spierwit perd.

Hier is Deut 32:30 letterlik vervul:

Deut 32:30 Hoe kan een dan duisend agtervolg en twee tien duisend op die vlug jaag, was dit nie dat hul steenrots hulle verkoop en die HERE hulle oorgelewer het nie!

Die beloofde land was vir Isak (die Jood) deur Abraham. Die land wat beloof is, was Palestina, wat van die Sinai-woestyn af noordwaarts strek en oos tot by die Eufraatrivier. Dit sal lande soos Israel, Libanon, Jordanië, plus groot dele van Sirië, Irak en Saoedi-Arabië insluit. Die gelofte is omskryf as 'n ewigduurende gelofte en die land Kanaan is beloof as 'n ewigduurende besitting.

Islam beskuldig die Jode daarvan dat hulle die goddelike erfdeel verkeerdelik vir hulleself toegeëin het. As dit waar is, beteken dit dat hulle (die Jood) dit sowat 2,500 jaar voor die geboorte van Mohammed al gedoen het. Maar die Bybel sê duidelik in Gen 17:21 "Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar."

Jerusalem is nie 'n baie groot stad nie en is, naas Mekka en Medina, die derde heiligste plek vir die Moslems, aangesien Mohammed glo volgens oorlewering daar op 'n wit perd in die hemel opgeneem is. (In werklikheid is hy in Medina begrawe.) Nou is hierdie stad die hoofstad van die Joodse staat, wat, sover dit die Moslems betref, nie eers bestaansreg het nie!

Die twis oor Jerusalem en oor die grense van Israel sal nooit deur enige grensooreenkomste of vredesverdrae bygelê

word nie. Nee, Jerusalem móét die struikelblok wees.  
Sag 12:2 Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem.  
Sag 12:3 En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word.

Dit is dan die donker situasie van Israel vandag, omring deur miljoene fanatieke vyande. Die Arabiere het omtrent die hele Derde Wêreld teen die Israeli's opgesweep. Alle Mohammedane sien Israel as hul vyand. En Rusland en sy satelliete is reg agter hierdie vyande. Elke ander nasie, behalwe die VSA (vir hoe lank nog?) weier om aan Israel se kant te wees, uit vrees dat hulle Arabiese olie sal verloor.

## Skriftuurplase van God se belofte aan die Jood:

Amos 9:11 In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhoop herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;

Amos 9:14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

Amos 9:15 En Ek sal hulle (die Jood) plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God.

Jer 33:7 En Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander en hulle bou soos tevore.

Eseg 36:24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.

Eseg 11:17 daarom sê: So spreek die Here HERE: Ek sal julle by-

mekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel gee.

Eseg 20:42 En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle in die land van Israel bring, in die land waar Ek my hand oor opgehef het om dit aan julle vaders te gee. [ 14 MEI 1948 ]

Jes 49:12 Kyk, hulle hiér kom van ver, en kyk, hulle dáár kom van die noorde en van die weste, en hulle dáár kom uit die land van die Siniete.

Jes 60:21 En jou volk sal almal regverdiges wees, vir ewig sal hulle die land besit—**as lote deur My geplant, ‘n werk van my hande**, tot my verheerliking.

Jes 60:22 Die kleinste **sal ‘n geslag word en die geringste ‘n magtige nasie**. Ek, die HERE, sal dit op die regte tyd gou laat kom.

Jes 66:8 **Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word ‘n land op een enkele dag gebore? Of word ‘n nasie met een slag gebaar?** Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar.

Jer 3:12 Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug, o afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie.

Jer 3:18 In dié dae sal die huis van Juda gaan na die huis van Israel, en hulle sal saam uit die Noordland kom in die land wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het. \ Noordland is Rusland

Jer 31:8 Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; blindes en lammes, swangeres en barendes onder hulle, almal saam; **in ‘n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe**.

Jer 31:17 Ja, daar is verwagting vir jou nakomelinge, spreek die HERE; en die kinders (die Jode) sal terugkom na hulle grondgebied. \ Israel jood ! GOD se land en GOD se volk.

Hos 1:10 Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees

soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God.

Hos 1:11 Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van Jisreël!

Joël 3:20 Maar Juda sal vir ewig bly, en Jerusalem van geslag tot geslag.

Joël 3:21 En Ek sal hulle bloed onskuldig verklaar, wat Ek tevore nie onskuldig verklaar het nie; en die HERE sal op Sion bly woon.

Obadja 1:17 Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit **sal 'n heiligdom wees; en** die huis van Jakob (die Jood) sal sy besittings in besit neem.

Nahum 2:2 Want die HERE herstel die heerlikheid van Jakob net soos die heerlikheid van Israel; want plundersaars het hulle geplunder en hulle wingerdlote verniel.

Sefanja 3:13 Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en neerlê, en niemand sal hulle verskrik nie.

Sag 2:10 Jubel, en wees bly, o dogter van Sion! Want kyk, Ek kom om in jou midde te woon, spreek die HERE.

Sag 2:11 En baie nasies sal hulle in dié dag by die HERE aansluit, en **hulle sal My tot 'n volk wees; en Ek sal in jou midde woon. Dan sal** jy weet dat die HERE van die leërskaer my na jou gestuur het.

Sag 2:12 En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies.

Sag 8:1 En die woord van die HERE van die leërskaer het gekom en gesê:

Sag 8:2 So spreek die HERE van die leërskaer: Ek ywer oor Sion met **'n groot ywer, ja, Ek ywer met groot grimmigheid daarvoor.**

Sag 8:3 So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërs-kare: Die heilige berg.

Sag 8:4 So sê die HERE van die leërs-kare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit—elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae.

Sag 8:5 En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel.

Sag 8:6 So sê die HERE van die leërs-kare: As dit te wonderbaar is in die oë van die oorblyfse van hierdie volk in dié dae, sal dit ook in my oë te wonderbaar wees? spreek die HERE van die leërs-kare.

Sag 8:7 So sê die HERE van die leërs-kare: Kyk, Ek gaan my volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste

Sag 8:8 en hulle aanbring; en hulle sal midde-in Jerusalem woon. **Dan sal hulle vir My 'n volk wees, en Ék sal vir hulle 'n God wees, in trou en geregtigheid.**

## Die land van Israel (Jood) word herstel.

Eseg 36:9 Want kyk, Ek kom na julle en wend My na julle toe, en julle sal bewerk en besaai word.

Eseg 36:10 En Ek sal mense op julle vermenigvuldig, die hele huis van Israel (Jood), almal saam; en die stede sal bewoon en die puinhoop opgebou word. \ sedert 14 mei 1948.

Eseg 36:11 Ja, Ek sal mense en diere op julle vermenigvuldig, en hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees; en Ek sal julle laat bewoon soos in jul voortyd en aan julle weldoen meer as in julle vroeër dae, en julle sal weet dat Ek die HERE is.

Eseg 36:24 En **Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. \ SEDERT PROKLAMASIE 14 MEI 1948 “ AMEN “**

Eseg 36:26 **En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.**

Eseg 36:27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle

in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Eseg 36:28 **En julle sal woon in die land wat Ek aan julle vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. \ DIE JODE “ HALLELUJAH “**

Eseg 36:30 En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrings van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie.

Eseg 36:33 So sê die Here HERE: In die dag as Ek julle reinig van al jul ongeregthede, sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word.

Eseg 36:34 En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit **'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan.**

Eseg 36:35 En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon.

Eseg 36:36 Dan sal die nasies weet wat rondom julle oorgebly het, dat Ek, die HERE, opgebou het wat afgebreek was, beplant het wat verwoes was; Ek, die HERE, het dit gespreek en sal dit doen.

Eseg 36:37 So sê die Here HERE: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel (Jood) om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape. [ **populasie 2012 is 8 miljoen** ]

Eseg 36:38 Soos die geheiligde skape, soos die skape van Jerusalem op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.

Eseg 37:1 Die hand van die HERE was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die HERE en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene.

Eseg 37:2 En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en **kyk, daar het 'n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor.**

Eseg 37:3 Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here HERE, U weet dit.

Eseg 37:4 Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE!

Eseg 37:5 So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.

- Eseg 37:6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom **en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word**; en julle sal weet dat Ek die HERE is.
- Eseg 37:7 Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek **geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk—'n beroering!** En die bene het nader gekom, elke been na sy been.
- Eseg 37:8 Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het **vlees op gekom, en 'n vel is bo-**oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie.
- Eseg 37:9 Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.
- Eseg 37:10 En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—**'n ontsaglike groot leer!**
- Eseg 37:11 Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel (Jood). Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!
- Eseg 37:12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel (Jood).
- Eseg 37:13 En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!
- Eseg 37:14 En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; **en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.**
- Eseg 37:21 en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel (Jood) haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en **Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.**
- Eseg 37:25 **En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig.**
- Eseg 37:28 En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel



(Jood) heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Op Maandag 2 Julie 1990 het 14,000 Russiese Jode in Israel aangekom, dit is die grootste groep wat op een enkele dag vanaf 1948 in die land gearriveer het.

(Huidige populasie 2014 is 8 miljoen in Israel, 7 miljoen verspreid)

## Pogings om die Joodse volk uit te wis.

Matt 27:25 En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!

**Geskiedenis beweer dat meer as ‘n miljoen Jode gedood is toe Israel tussen al die volke van die aarde verstrooi is.**

[Deut 28:15 Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooue en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.]

Veral die jaar 70NC staan met bloedrooi letters in die annale van die geskiedenis geskrywe. Daar is geen oorlog in die wereldgeskiedenis – gelykstaande aan die Romeinse inval nie. Agtienduisend Jode rebelleer teen Rome onder leiding van Judas, die Galileër. Waarop Keiser – Nero sy veldheer, Vespasianus, beveel om die opstand te onderdruk. Vespasianus word egter tot Keiser verhef, waarop sy seun Titus na Jerusalem gestuur word.

### Dit was Paasfees

Josefus skryf dat 255,000 lammers gereed gemaak was vir die Paas-seremonie. Driemiljoen Jode was op weg na Jerusalem om die Romeine te verdryf. [Een derde val deur die Romeinse swaard] Die gruweldade die betrokke dag kan deur geen pen beskryf word nie. Meer as ‘n honderd-duisend lyke het buite die poort opgestapel gelê. Die angskrete was dag en nag tot op verafgeleë plekke gehoor. Stene en mure, sowel as elke duim grond was rooi gekleur met die bloed van slagoffers. Arabiere en Siriërs het die mae oopgesny van dié wat – nadat hulle goud ingesluk het – probeer ontvlug het. In een enkele nag

is omtrent 2,000 van die vlugteling op hierdie wyse oopgesny.

Onderwyl die Romeinse kragmasjien besig was om die mure van die stad te bombardeer, het moordadige bendes in die stad mekaar beveg. Vrouens het hulle eie kinders geslag en geëet, en ook aan die mark by die muur gestuur. Rowery en diefstal was aan die orde van die dag.

Toe dit onmoontlik was om die stank van die lyke, wat oral verstrooi gelê het, langer te verduur het hulle die dooies oor die stadsmure in die daaronder geleë vallei gegooi. Toe Titus op sy rondtes hierdie vallei (die Kidron) vol lyke gesien het, en die dik verrotting daarvan sien afvloei, het hy gesteun, sy hande na die hemel opgehef en God tot getuie geroep dat hy nie daarvoor verantwoordelik is nie.

Deut 28:53 En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat die HERE jou God jou gegee het, in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou benoud sal maak.

Deut 28:54 Die vertroetelde en baie verwénde man by jou—sy oog sal sy broer en die vrou wat hy liefhet, en sy orige kinders wat hy nog behou het, skeef aankyk;

Deut 28:55 sodat hy aan geneen van hulle iets sal gee van die vlees van sy kinders wat hy eet nie, omdat daar vir hom niks anders oor-gelaat is in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou poorte benoud sal maak nie.

Deut 28:56 Die vertroetelde en verwénde vrou by jou wat van verwendheid en weekheid nooit probeer het om haar voetsool op die grond neer te sit nie—haar oog sal die man wat sy liefhet en haar seun en haar dogter skeef aankyk,

Deut 28:57 ook haar nageboorte wat tussen haar voete uitgaan, en haar kinders wat sy sal baar; want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan alles in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou poorte benoud sal maak. ]

Die stad en die tempel is verbrand. Kosbaarhede en goud wat tussen die stene ingeloop het is uitgehaal en weggedra. Jesus het gefrofeteer

en gesê daar sal sekerlik nie een steen op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie.

[Matt 24:2 En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.]

[Matt 23:37 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders by-**mekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke by-**mekaarmaak, en julle wou nie!

Matt 23:38 Kyk, julle huis word vir julle woens gelaat! ]

Met stroppe om hul nekke word honderd-duisend Joodse gevangenis na die slawemark in Italië en Spanje geneem, maar omdat daar so baie **slawe aangebied word, word hulle vir 'n appel en 'n ei verkoop.** [Deut 28:68b ..... en daar sal julle aan jul vyande as slawe en slavinne verkoop word, maar daar sal geen koper wees nie.]

In Damaskus word op een dag tienduuisend Jode se kele afgesny.

In 115NC word 985 dorpe vernietig en 580,000 Jode om die lewe gebring.

In die 5de, 6de en 7de eeue is daar duisende Jode in Europa om die lewe gebring.

**In die 9de, 10de en 11de eeue was daar 'n mate van vrede vir hulle.**

**Toe kom die kruistogte met die gesegde “Hoekom na Jerusalem gaan om God 'n guns te bewys? Maak 'n Jood dood en red jou siel.”** Duisende Jode is met perde doodgetrap. [Joh 16:2 Hulle sal julle uit **die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.**]

Tussen 1257 en 1267 is die Jodedom in Engeland so te sê uitgewis.

**In 1298 is daar 'n groot vervolging en weer sterf daar** duisende Jode in Europa.

In 1350 breek die swart plaag in Europa uit. Vyf-en-twintig miljoen **mense sterf, waaronder baie Jode. 'n Kwart van die bewoners van** Europa word deur die plaag, waarvoor die Jode geblameer word, afgemaai en die helfte van die Joodse bewoners van Europa word doodgemaak.

In die laaste wêreldoorlog (1945) word meer as 6 miljoen Jode deur Hitler in die gaskamers vermoor. Hulle was geïdentifiseer aan hul unieke vingerafdrukke.

Rom 11:1 Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! **Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham**, van die stam van Benjamin.

Rom 11:2 God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie \ DIE JOOD !!!

Rom 11:7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.

Rom 11:8 **Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap**, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.

Rom 11:11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

Rom 11:12 En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!

Rom 11:13 **Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening**

Rom 11:14 as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red!

Rom 11:15 Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

Rom 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; (Wegvoering van die bruid.)

Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;

Rom 11:27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Rom 11:28 Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.

Rom 11:29 Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.

Rom 11:30 Want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid,

Rom 11:31 so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang.  
Rom 11:32 Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.

## Israel word geproklameer as nasie op 14 Mei 1948.

Jes 66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? **Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar?** Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar  
Isa 66:10 Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het!  
Isa 66:12 .....; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.  
Isa 66:13 Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.  
God se land, God se volk!

Joël 3:2 sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat **aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het.**

### In 1967 met die sesdaagse oorlog:

het Egipte, Sirië (Damaskus), Jordanië (Moab), Irak (Mesopotamië), en Iran (Persië) gesê: "Kom laat ons hulle vernietig dat hulle geen volk meer is nie." Hulle het ook gesê dat die Jood geen bestaansreg het nie.

Psa 83:5 Hulle (Arabiese lande) sê: Kom, laat ons hulle (die Jood) vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie.

Sag 12:2 Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom (Arabiere) **tot 'n beker van bedwelming, . . .**

Sag 12:3 **En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke:** (Arabiere) elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik

seer maak; . . .

## SEËN DIE JOOD ! AS U DEUR GOD GESEËN WIL WORD

Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou (Jood) seën, en hom vervloek wat jou vervloek; . . . ( VLOEK NIE DIE JOOD NIE )

## **DIE JOOD !! GOD SE OOGAPPEL “ HALLELUJAH “**

Sag 2:8 . . . . .; want wie julle (die Jood) aanraak, raak sy (God se) oogappel aan.

In biologiese terme is die *appel van die oog* die pupil of die middel van die oog, en dit is die mees sensitiewe deel van die menslike liggaam. God sê in der waarheid deur die profeet Sagaria, "as julle aan Israel vat dan raak julle aan die mees sensitiewe deel van My wese. As julle Israel of die Joodse volk aanval dan druk julle, jul vinger in die middel van MY oog." Want God waak oor Israel soos 'n beskermende ouer oor sy enigste kind.

**Israel beteken - Prins van God !!!**

## BID VIR DIE JOOD ALLE CHRISTENE IN DIE WERELD

Psa 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe! ( WEES BAIE LIEF VIR DIE JOOD )

Jood en Israeliet is dieselfde. (Daar is geen verskil)

Hand 2:5 En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.

Hand 2:14 Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde.

Hand 2:22 Israeliete, luister na hierdie woorde!

Joh 3:1 **En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus,** 'n owerste van die Jode.

Joh 3:10 Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?

2 Kor 11:22 Is hulle Hebreërs? Ek ook. Is hulle Israëliete? Ek ook. Is hulle die nakomelinge van Abraham? Ek ook. ( PAULUS )

Fil 3:5 Ek (Paulus) is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; **wat die wet betref, 'n Fariseër; ( GEEN DUBBELE BURGERSKAP )**

Rom 11:1 Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig **nie! Want ek (Paulus) is ook 'n** Israëliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.

Die onlangse verkiesing van die Palestyne het HAMAS aan die bewind gebring. Hulle het net een doel voor oë en dis om Israel totaal uit te wis. Volgens God se Woord sal dit nooit gebeur nie.

God het nog nooit beheer verloor nie. Hierdie is 'n geveg teen God, nie teen die Jood nie.

Vanaf 1948 tot nou toe het die Jood nog geen oorlog teen die Arabiere verloor nie.

## Palestina !!

Die naam "Palestina" word nêrens in die Bybel aangetref nie. Dit het ook 'n verskeidenheid van betekenis. (Judéa is na Palestina verander, met die doel om dit te ont-Judaïseer.)

Die "Nelson's Bible Dictionary" beskryf hoe en waar die woord die eerste keer gebruik is: "The word itself originally identified the region as '*the land of the Philistines,*' a war-like tribe that inhabited much of the region alongside the Hebrew people. But the older name for Palistine was CANAAN, the term most frequently used in the Old Testament.

The term Palestine as a name for the entire land of Canaan, beyond the coastal plains of the Phoenicians, was first used by the fifth century B.C. historian Herodotus. After the Jewish revolt of A.D. 135, the Romans replaced the Latin name Judea with Latin Palaestina as their name for this province."

Hieruit kan ons sien dat die naam eintlik 'n belediging vir die Jode is, dit

ontneem hulle van die naam Israel, en plaas hulle terug by die Fili-styne, hulle eertydse opponente.

Vandag het die naam "Palestyn" 'n totaal ander betekenis met hoogs politieke verbintenisse.

Toe Israel in 1948 die land gekry het, het hulle aan die Arabiese populasie (wat meestal Moslems is) burgerskap aangebied, indien hulle in die land wou bly. Baie het die uitnodiging aangeneem, maar die meerderheid vlug in buffer areas net buitekant die grense van Libanon, Sirië en Jordanië. Hier vorm hulle Palestynse vlugtelingskampe. Die buurlande neem hulle nie in nie, maar verkies om hulle as hawelose vlugtelinge te sien, vir politieke voordeel.

## Die Palestyne

Die Palestyne sal geen vredesooreenkoms aanvaar nie en spanning sal bly toeneem.

Dit sal die opbouing van die Gog en Magog oorlog wees (Dan 11:4, Eseg 38-39) Die Rusland inval met sy vyf bondgenote.

Eseg 38:5 Perse (moderne Iran), Kusiete (alle swart Afrika state), Puttéërs (Libië), saam met hulle skild en helm.

Eseg 38:6 Gomer ( Duitsland), en al sy leërs, die huis van Tugarma (Turkeye), in die uithoeke van die Noorde, en al sy leërs - baie volke saam met jou (Rusland).

## Die Moslem **Our'an**

Met sy beperkte en verdraaide kennis van die Nuwe Testament is Mohammed na die Jode toe en het hy hulle skerp aangespreek oor hulle gesindheid teenoor Jesus. Hy wou hulle ook oortuig dat hy, Mohammed, die Messias was en daarom as sulks deur hulle aanvaar moes word. Die Jode het hom egter heeltewel verwerp en ons sien in sy leerstellinge dat hy van daardie tyd af baie krities staan teenoor die Jode in die Koran. Hier is maar enkele voorbeelde waar hy hulle (Jode) vervloek.

Afdeling 8 (BI 80-81 )

51. " O julle gelowiges (Moslems), neem nie die vyandiggesinde Jode



en Christene as vriende nie. Hulle is mekaar se vriende. En die van julle wat hulle tot vriende neem, is inderdaad een met hulle. Voorwaar, Allah lei nie die onregverdige volk nie."

60. "Sê: Sal ek julle sê wie se straf by Allah die ergste sal wees? Dit is hulle wat Allah vervloek het en oor wie Hy Sy toorn uitgestort het en van wie Hy ape (Jood) en swyne=varke (Christene) gemaak het, en hulle wat die duiwel dien. Hulle is in 'n bedenklike toestand en het ver van die regte pad afgedwaal."

#### Afdeling 8 (BI 9)

65. "En julle het geweet wie onder julle die Sabbat onheilig; daarom het Ons vir hulle gesê: Wees soos die ape (Jode), verag en gehaat."

### Geweld en moord word aangemoedig.

#### Afdeling 1 (BI 131)

5. "En wanneer die heilige maande verby is, bring dan die afgode-dienaars om (Jode en Christene) waar julle hulle ook mag vind, en neem hulle gevangene, beleër hulle en loer op hulle uit elke hinderlaag ..."

"Ons moet Israel vernietig, omdat daar geen alternatief is nie" lui die opskrif van 'n hoofstuk uit 'n Palestynse handboek vir graad ses.

Die haat vir die Jood word dus van die skoolbanke af gekweek en ingeboesem. So raak kinders dan ook betrokke by opstande waarin hulle omkom. Dit word dan deur die media gebruik as kanonvuur teen Israel.

### Sara en Hagar, voorbeelde van die twee verbonde.

Gal 4:22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin (Hagar) en een uit die vrye (Sara).

Gal 4:23 Maar die een (Ismael) uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een (Isak) uit die vrye deur die belofte.

Gal 4:24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee ver-

bonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar;

Gal 4:25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders (die Ismaeliete - Arabiese volke) saam in slawerny.

Gal 4:26 Maar Jerusalem (op die Olyfberg) daarbo is vry (Sara, die vrye); en dit is die moeder van ons almal.

Gal 4:27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die **kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.**

Gal 4:28 Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte;

Gal 4:29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is (Ismael), hom wat na die Gees was (Isak), vervolgt het, so is dit nou ook.

Gal 4:30 **Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun (Ismael) van die slavin (Hagar) saam met die seun (Isak) van die vrye (Sara) erwe nie.**

Gal 4:31 Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye. **(Israel behoort dus aan die Jood -Isak.)**

## Geen vrede sonder Jesus !!!

**Geen horisontale vrede sonder vertikale vrede!**

Jes 48:22 Geen vrede, sê die HERE, vir die goddelose nie!

Jes 59:8 Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie.

1Thes 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan **oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou**, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.

(Die goddelose vergader 24 uur per dag om konferensietafels om vrede te bespreek - vrede sonder die GROOT VREDE-**VORS. “ JESUS CHRISTUS “ DIE SEUN VAN GOD !!!**

**Joh 14:27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.**

Psa 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem (die Jood); mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe. \ AMEN AMEN AMEN !!!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

